Liturgie vir nagmaal tydens Pinksterfees

Tema: Lewe nuut! - die uitdaging aan die kerk

Liturg: Goeiemôre, gemeente. Die Heilige Gees het vir julle almal gekom! Kom ons staan en groet mekaar met dié woorde: "Die Heilige Gees het ook vir jou gekom."

TOETREDE

Toetreelied: Liedboek 164:1,2: "Ons is almal hier tesaam."
Aanvangswoord: Die Heilige Gees is ons Voorspraak by God. Deur Hom het hierdie gemeente tot stand gekom. Hy sal ons ook vandag leer en lei om nuut te dink oor God se wil. Amen (na aanleiding van Joh 14:26).
Seëngroet: Geliefdes, God se groet is hartlik en met groot liefde: "Genade, barmhartigheid en vrede vir elkeen van julle."

Lof en aanbidding: FLAM 58: "O Heer, ons staan voor U gebroke ..."

WOORDDIENS

Gebed by die opening van die Woord
Liturg: Soos 'n sonneblom na die son draai om te kan groei en vrug dra, so draai u gemeente ons na U, hier waar ons in u teenwoordigheid bymekaar is. O Gees van die Waarheid, laat u lig ons verlig sodat ons die lewe kan hê, en dit in oorvloed. Amen.
Die gemeente sing sittende: Liedboek 162:1,2,3: "U self het ons geroep, Heer" (voorsangers sing telkens reëls 1 en 3).

SKRIFLESING

WOORDVERKONDIGING

TAFELDIENS

Die nagmaal as Vreugdefees
Die nagmaal is 'n *vreugdefees*. Al dui die tekens op die lyding en sterwe van Jesus Christus aan die kruis, sy bloed wat vergiet is en sy liggaam wat gebreek is, staan die nagmaalsviering nie in die teken van rou en droefheid nie. Hoewel die gemeente die nagmaal met gewyde erns vier, is dit tog 'n vreugdefees, waar die Heiland op 'n besondere manier die vrugte van sy lyding, sterwe en opstanding uitdeel. In die nagmaal mag die gemeente nou van die vreugde smaak wat vir ons wag by die bruilofsmaaltyd van die Lam (volgens die *Handleiding vir die Erediens,* 2010: p 89).
Responsoriese verootmoediging en geloofsbelydenis (staande) (na aanleiding van Ef 2:1-10)
Liturg: Deur die bloed van Jesus is ons vry van die mag van sonde.
Gemeente: Sonde kenmerk nie meer ons lewenswyse nie. Here, vergewe ons dat ons ons vryheid misbruik het.
Liturg: Jesus is ons Verlosser en lei ons op die regte pad.
Gemeente: Ons loop nie meer willoos agter die verleiding van Satan aan nie. Here, vergewe ons dat ons soms nog agter hom aan dwaal.
Liturg: God het sy liefde in ons harte geplaas en daarmee saam die begeerte om sy wil te doen.
Gemeente: Ons bevredig nie meer ons sondige drange wanneer die begeerte by ons opkom nie. Here, vergewe ons vir die sondige begeertes waaraan ons toegegee het.
Liturg: Deur sy groot liefde het God ons wat dood was, saam met Christus lewend gemaak.
Gemeente: Uit genade is ons gered! Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood, en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee. Hy het ons herskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

Tafelgebed (Die gemeente bly staan tydens die tafelgebed).

Instellingswoorde
Die liturg en gemeente sing die instellingswoorde met begeleiding van FLAM 37 ("Die brood wat ons breek") terwyl die liturg die tekens uitdeel aan diegene wat saam aan tafel sit.

DIE TEKENS WORD BEDIEN

Stel die gedagte van oorvloed voor (na aanleiding van "oorvloed" in die gebed om die opening van die Woord) met die wyse waarop die tafel gedek en die tekens bedien word. Gebruik byvoorbeeld groot, sagte broodrolletjies wat maklik en sonder verbrokkeling gebreek en aangegee kan word. Die melodie van FLAM 37 kan gedurende die uitdeel van die tekens saggies deur die orrel of begeleidingsgroep gespeel word.
Lofverheffing
"Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek ons vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons. Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen" (volgens die *Handleiding vir die Erediens,* 2010: p 94).

VOORBIDDING

OFFERGAWES

UITSENDING

Pinksterlied (nuut gekomponeer vir Pinkster)
Wederkomslied: Liedboek 587:1,2: "'Kyk, Hy kom!' Wag, laat ons luister".
Seën (Responsories)
Liturg: Die Gees en die bruid sê: "Kom!" En elkeen wat dit hoor moet sê:
Gemeente: Amen! Kom, Here Jesus!
Liturg: Hy wat dit alles getuig, sê: "Ja, Ek kom gou!**"**
Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees, sal by julle almal wees.

GEMEENTE SING AMEN (Liedboek 314).

Eers Facebook ...

... en nou

DIE Weg

DIE REIS SAAM MET GOD

Die Weg is die jongste kategese-produk van Jeugfokus. Saam met *GPS vir my lewe*, *JPEG* en *Faceboek*, is dit die vierde en laaste produk in die reeks vir geloofsvorming vir senior jeuggroepe.

Waar kom die titel vandaan?

In die vroeë kerk is na die Christene as "die mense van die Weg" verwys. Dit kry 'n mens in Handelinge 2 (dit is egter in die nuwe vertaling wegvertaal met "die leer van die Here"). In die 1953-vertaling word Handelinge 9:2 vertaal met "sodat as Hy mense sou vind wat van die Weg was ..."

Waaroor gaan *Die Weg*?

Die vroeë Christene was almal op weg met God – saam op reis met God deur die lewe. *Die Weg* sluit daarby aan en gebruik hierdie reismetafoor om geloofsvorming by jongmense te bevorder.

Die Weg het 26 volledig uitgewerkte ontmoetings, elk met 'n PowerPoint-aanbieding. By meer as die helfte van die ontmoetings is daar 'n videosnit wat spesiaal opgeneem is vir die betrokke ontmoeting en as "conversation starter" gebruik kan word.

Wat kan 'n mens in *Die Weg* verwag?

Die Weg is vol padtekens en wegwysers en alles wat met reis te doen het. *Die Weg* is egter nie gemik op die toeris nie, maar op die pelgrim. Toeriste wil soveel as moontlik sien, maar dan laat hulle dit daar en die ervaring vervaag. Pelgrims is met 'n doel op reis. 'n Pelgrimstog kan verandering en verdieping by die reisiger bring. Dit is wat ons met *Die Weg* wil bewerkstellig.

Die Weg wemel van Bybelkarakters wat saam met God gereis het. By elke ontmoeting is daar biografiese inligting oor die karakter, 'n kaart wat wys waar die karakter geleef en gewerk het, wegwysers uit die Skrif, vrae en antwoorde vir vandag en 'n "border crossing" om die een of ander uitdaging aan te gryp.

Waaruit bestaan *Die Weg*?

Die Weg is 'n byderwetse kategese-produk. Dit bestaan uit 'n gesprekgids vir die jongmense, 'n CD met die handleiding vir die groepleier en die PowerPoint-aanbiedings asook 'n DVD met talle spesiaal vervaardigde videosnitte. Die gesprekgids kos R35,00 en die CD en DVD saam R109,95.

BM
BYBEL-MEDIA

Direkte bestellings: bestel@bmedia.co.za
Deeloproepe: ***0860 26 33 42*** of ***0860 BMEDIA***
e-aankope: ***www.bybelmedia.co.za***